

Terwyl die presidente van die Vrystaatse Vroue-Landbou-Unie, mev. A. Hugo, toekyk, oorhandig die eerste vise-presidente, mev. B. Prinsloo, 'n uitgesoekte versameling borduurwerk vir bewaring in die Museum aan die Direkteur, mnr. J. J. Oberholzer. Van hierdie artikels dateer terug tot by die Anglo-Boereoorlog.

Besoek van Direkteur



(Volksblad)

Dr. W. K. du Plessis, Direkteur van Kultuursake van die Departement van Nasionale Opvoeding, die Departement waaronder die Museum ressorteer, het hierdie inrigting onlangs besoek. Hier verskyn dr. Du Plessis (links) saam met mnr. Alwyn Lubbe, Streekshoof van die plaaslike tak Kultuurbevordering van die Departement.




(Volksblad)

OPNAME VAN ARGEOLOGIESE VINDPLEKKE IN DIE O.V.S.

DIT is vir die Museum belangrik om te weet waar daar in ons Provinsie argeologiese vindplekke is. Sodanige vindplekke sluit onder meer in rotstekeninge, gravures, grotte, holkranse, grafes en klipkrale. Sedert Oktober 1974 is meer as 7 500 kort vraelyste hieromtrent aan grondeienaars in die Oranje-Vrystaat gestuur met die versoek dat die vorms voltooi en in 'n

gefrankeerde koevert aan die Museum teruggestuur moet word. Waardevolle inligting omtrent 300 sulke terreine is reeds ontvang en sal eersdaags opgevolg word deur persoonlike besoeke.

Indien u nog nie u vorm teruggestuur het nie, doen dit asseblief dadelik!



(J.O.P.)

Kobus Dreyer, argeoloog van die Nasionale Museum en Chris van den Heever, senior tegniese assistent, by 'n gedeelte van die 7 500 geadresseerde vraelyste omtrent die voorkoms van voorwerpe van argeologiese belang wat onlangs aan grondeienaars in die Vrystaat gepos is.



VOORBLAD:
Die giftige knopiespinnepkop *Latrodectus mactans*.
Fotografie: Chris Engelbrecht en Jakkie Pretorius.
Ontwerp: Johan Reyneke.

COVER PICTURE:
The poisonous black widow spider *Latrodectus mactans*.
Photography: Chris Engelbrecht and Jakkie Pretorius.
Design: Johan Reyneke.

Dit is in die voorkoms van kliphutte, rotstekeninge en klip- en vsterwerktuie soos hierdu wat die Museum belangstel. Persone wat weet waar sodanige voorwerpe voorkom, word versoek om met die Museum te skakel by telefoon, Bloemfontein 79609.